

Inhoud. Hierdie preek wys op die verskil tussen die nagmaal as teken en die nagmaal as offerfees. Die nagmaal is 'n teken waarmee die Here ons verseker van ons vereniging met Hom as mens in die hemel waardeur Hy ons insluit in sy liefde as God. Die nagmaal kan nooit 'n offerfees wees nie. Offerfeeste is wat die Bybel tempelprostitusie noem. Dit is die innigheid met die krag en lewe van God, om deur sy goddelike krag ons sondige begeertes te kan bevredig en met sy goddelike lewe ons begeertes as ware liefde te kan uitleef. Hierdie hoerery met God was die bedreiging van die nagmaalsgebruik in die gemeente Korinte en dit is vandag ook nog steeds binne die moderne Christelikheid die manier waarop hulle nagmaal hou. Hulle hou offerfeeste om deel van God se krag en lewe te word om daarmee hul sondige begeertes te bevredig. Met hierdie feestelikhede met God, vermy hulle die oomblik waarin God ons van sy liefde verseker sodat ons met sy gebooie in sy liefde kan leef.

Skriflesing Exodus 32: 1 – 6; 1 Korintiërs 10: 1- 22; Rom. 6: 5 – 11.

Teks 1 Kor. 10: 16, 17: “¹⁶ Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?”

Tema Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie.

1. Kom ons eet, drink, dans en speel saam met die Here! Kom ons wees gesellig saam met God! Kom ons kuier saam met God! Kom ons eet en drink saam met God offerkos om saam met Hom te deel in sy krag en lewe.

Wie sê so?

In ons taal vandag is dit die dominee, Aäron. Hy roep 'n offerfees uit vir die Here. In vers 6 word hierdie offerfees dan beskryf. Ons mag ons nie misgis asof Aäron iets anders in gedagte gehad het met hierdie offerfees as wat gebeur het nie. Dit was later sommer net sy selfverontskuldiging by Moses vir iets wat hy doelbewus verkeerd gedoen het. Wat in vers 6 beskryf word, is presies wat hy geweet het die volk wou hê, en hy het wat hulle wou hê, vir hulle gereël. Hoe hierdie offerfeeste in afgodsdienste geloop het, is so: hulle bring vir God brandoffers, maaltydoffers, en eet na hulle dit aan God geoffer het, hierdie offers om saam met God om op hierdie wyse met God fees te vier en dan gaan hulle saam met God wellustig te kere.

Hierdie wellustigheid was onder andere godsdienstige erotiese danse waarin hulle hulle sensualiteit gevier het as 'n manier om met God gesellig saam te kuier. Hierdie “dans en speel” was nie seks buite die erediens iewers in tente of bosse buite die

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

godsdienslike gesellige kuier met God met mekaar nie. Dit was erotiese danse vir en met God en sensuele vertonerigheid vir en met God in die sogenaamde erediens.

Daarom word dit in party vertalings “speel” genoem, soos seksuele flirtasie vandag nog “speel” genoem word, bedoelende stuitige erotiese vertonerigheid, met God self en vir God self.

En daar het jy dit! ’n Fees saam met God! Eet, drink, dans en speel saam met God.

2. Waaroor gaan hierdie feestelikheid by offerfeeste?

In Exodus 32 word die hart van hierdie offerfees so beskryf: “Toe sê die volk: Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!” Hulle maak ’n beeld van God en verklaar dat hierdie god wat hulle nou gemaak het, het hulle uit Egipte bevry. Kan u die rede vir die feestelikheid raaksien? Die regte Here wat hulle uit Egipte bevry het, is besig om vir hulle sy geboorte te gee. Hy het hulle verlos om in sy liefde te leef volgens sy geboorte. Wie is hulle? Mense, vasgevang in die krag van die magtigste heerser van daardie tyd, Rameses 2, wat geen krag gehad het om uit die grootste moondheid van daardie tyd se mag Egipte weg te breek nie, nie self ’n brug oor die Rooi See kon bou om weg te kom nie te loop nie, geen voedselvoorrade of watertrokke vir ’n tog deur die woestyn gehad het nie. Vir hulle het God met sy skeppingsmag die wonders in Egipte gedoen, met sy skeppingsmag soos winde en aardbewings deur die Rooi See vir hulle ’n pad gemaak, hulle met kwartels uit die hemel en manna uit die grond gevoed en vir hulle water uit ’n rots in die woestyn gegee. Verlos deur die magtige daad van God wat in, uit, deur en tot Homself God is.

Die lewe wat Hy vir hulle nou gee is om binne sy liefde volgens sy wet in sy liefde te leef. Dit is juis om Hom en sy liefde te probeer ontduik dat hulle ’n offerfees met hul selfgemaakte god hou.

Wat is die rede vir hierdie erotiese saamdans en saam speel met God? As hulle God maak wat Hy is: “Hier is ons god”, dan is sy krag, sy lewe, sy Naam en sy wil hulle krag, Naam lewe en wil hulle wil. Dan is dit deur hulle goddelike krag dat hulle hul self uit Egipte verlos het.

En dit is die hart van alle offerfeeste. Ons bou ’n offeraltaar voor ons godsbeeld sodat ons vir hom gee wat hy nodig het, offers, en hy gee vir ons wat ons nodig het: goddelike krag, goddelike lewe, goddelike drome, goddelike visies en missies. En so dans en speel ons met God in hierdie offerfees.

3. Paulus haal hierdie gesellige offerfees van Israel aan om vir die Korintiërs te wys dat dit is wat hulle besig is om van die nagmaal te maak: ’n gesellige saamkuier met God as ’n offerfees. Die nagmaal is vir hulle niks anders nie as eet, drink, dans en

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

speel saam met God! Saam deel van God se goddelike lewe, goddelike krag en goddelike Naam met God. Die Nuwe Direkte Vertaling vertaal 1 Kor. 10: 7 as “Die volk het gaan sit om te eet en te drink en opgestaan om te speel.” en die 1983 vertaling as “Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee”.

Paulus wys met hierdie teks uit die Ou Testament dat dit is wat die Korintiërs besig was om met die nagmaal te doen. Die hele teksgedeelte van hoofstuk 10 verse 1 tot 22 gaan oor hoe hulle nagmaal as 'n gesellige kuier met God vier en nie meer as teken van die Here gebruik nie.

3. Offerfeeste is afgodsdienst!

Exodus 32 is nie maar net 'n eenmalige insident in die lewe van Israel nie. Dit was die eerste insident van 'n lewe in afgodsdienst vandat hulle uit Egipte getrek het tot en met die ballingskap. Hierdie gesellige kuiers saam met God was die rede vir die ballingskap. Dit kondig al die profete aan. Israel het die Here gesien as net nog een van die afgode saam met wie mense gesellige kuiers hou, krag- en lewefeeste saam met God.

Die profeet Hosea kondig die oordeel van God oor hierdie losbandige geestelikheid offerfeeste met God, gesellige kuiers met God, wat niks anders as die feeste van Exodus 32 is nie só aan: “Omdat die priesters die Here verlaat het om hulle toe te lê op ¹¹tempelprostitusie, en omdat wyn en drank hulle lewe in beslag neem, ¹² soek my volk leiding by 'n stuk hout, verwag my volk dat 'n stok dinge aan hom bekend sal maak. Omdat 'n hoergees die priesters beetgepak het en hulle aan hulle God ontrou geword het, ¹³ bring hulle offers op die bergtoppe en offer hulle op die heuwels onder al die groen bome waar daar lekker skaduwee is. Dit is waarom julle dogters hoereer en julle skoondogters egbreuk pleeg.” Hosea 4

U moet hierdie tempelprostitusie goed verstaan. Dit was nie sommer maar net gewone bordele in die tempel nie. Dit was hoerery met God. Want in hul bygeloof het hulle geglo dat deur intiem te wees met hulle wat die naaste aan God leef en vol van God se krag en lewe is, kry jy deel aan die krag en lewe van God. Daarom is dit hoerery met God, want ek wil met intimiteit God se krag en lewe my eie maak. Hoekom? Om met goddelike krag my sondige begeertes te bevredig. Dit is hoerery met God self. Hy laat my in die intimiteit van sy goddelike krag deel om my sondige begeertes met sy goddelike krag te bevredig en met sy goddelike lewe uit te leef.

Baie gesellige offerfeeste saam met God om ons eenheid met God se goddelikheid te demonstreer!

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

In die tyd en lewe van die gemeentelêde in Korinte vir wie Paulus die brief skryf is dit ook hoe al die nasies om die Middellandse See kerk gehou het. Dit beskryf Paulus in verse 18 tot 22. Hulle het offerfeeste vir hul gode gehou. Hulle bring hul bokke, beeste en hoenders vir hul God. Dan word dit deur die priesters as offers geslag en op die altare vir gode verbrand, maar die grootste gedeelte van die offer word 'n braaivleis waar die mense dan saam met die god gesellige saam kuier.

Hierdie gesellige godsdienstige braai, eet, drink, dans en speel met God was vir hulle die wyse waarop hulle deel van die krag en lewe van hul gode geword het. Daarom stel Paulus: "Kom daar nie gemeenskap tot stand tussen die offeraltaar en dié wat die offers eet nie?" Deur offeraltare kry mense deel aan die lewe en krag van hul gode in die gesellige saam kuier met God.

Offerdienste, gesellige saam eet, drink, dans en speel met God, gee jou die krag en lewe van God!

4. Kan u sien hoe maklik die nagmaal self vir hierdie pasbekeerde gelowiges 'n versoeking kon word?

Paulus verwys nie in verse 11 tot 13 net alleen na die gewone daaglikse versoeking van sondes in die lidmate se lewe nie. Hier gaan dit veral om die versoeking wat hulle afgodsdienste aan hulle gestel het met die tekens van die nagmaal.

Die tekens van die nagmaal is brood en wyn. Wanneer jy, vandat jy 'n kind was, offermaaltye gevier het met afgode en saam met jou gode geëet, gedrink, gedans en gespeel het, en hier kom die Christene en wanneer hulle kerkhou, eet en drink hulle in die dienste as godsdienstige rituele, wat is dit dan anders as maar net nog 'n variasie van eet en drink met jou God? Nog meer, as hierdie tekens juis wys op die offer van Christus, die Here, wat is nagmaal anders as 'n offerfees met God? Eet, drink, dans en speel met God!

En ons weet uit 1 Korintiërs 14, net drie hoofstukke verder, dat hulle met spreek in tale, nes al die heidense godsdienste, met God gedans en gespeel het in die Christelike eredienste en Nagmaal.

5. Dit is hoe ons Paulus se verduideliking dat die nagmaal tekens van die Here is en nie 'n offerfees saam met God nie moet hoor. In hierdie woorde sê hy alles wat nodig is om te weet dat die nagmaal nie 'n gesellige offerfees met God is om God se krag en lewe met God te deel en te vier nie:

“¹⁵ Ek praat met verstandige mense. Beoordeel self wat ek sê. ¹⁶ Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

van Christus nie? ¹⁷ Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.”

Die wyn wat ons in die nagmaal drink en die brood wat ons in die nagmaal eet is nie offerkos nie. Dit is nie offerkos wat ons vir God bring nie en dit is nog minder offerkos wat God vir ons gee. Die nagmaal is geen offermaaltyd waarin ons saam met God offerkos as 'n offergeleentheid eet nie.

Hoekom nie?

Want kyk wat is die beteken saak waarna die wyn en brood ons wys – die liggaam en bloed van die Here Jesus as lewende mens vandag in die hemel. Dit is nie tekens van offerkos of goddelike krag en lewe nie. Dit is tekens van die menslike liggaam en menslike bloed van die Here Jesus Christus.

In alle feestelike geestelikhede met God gaan die fees oor goddelike krag en goddelike lewe. Die nagmaal tekens is tekens van Christus se menslikheid, nie sy goddelikheid nie.

6. Watter menslike liggaam en menslike bloed?

Paulus verduidelik ondubbelsinnig in gedeeltes soos Romeine 6 wat is die betekende saak van die brood en wyn in die nagmaal. Kyk hoe stel hy dit in Romeine 6: 10 “Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God.”

Die betekende saak van die tekens van die nagmaal is die Here wat vandag self as mens in die hemel leef. Paulus se “nou” beteken: “nou, terwyl ek die brief Romeine skryf in die jaar 56/57 na Christus in die stad Korinte, leef Hy as mens wat uit die dood opgestaan het, en Hy leef in die hemel as mens, na liggaam en siel vir God.”

Die brood en wyn is teken dat ons ingesluit is, deel in wie Jesus as mens vandag in die hemel is. Ingesluit om te deel wat Hy vir ons is, sonder om dit self te doen of self te wees. Daarom verklaar Paulus dat ons ingesluit is in Christus se sterwe, begrafnis en opstanding as mens. Ons deel in sy betaling vir ons sonde, sy vervloeking vir ons sonde, sy lyding vir ons sonde, sonder dat ons self die offer is. Net Hy is die offer. Ons deel in die vrug van sy werk omdat ons een is met Hom wat lewe. Ons deel nie saam in die offergeleentheid, die offeroomblik en ons is ook nie soos Hy 'n offer vir ons sonde nie. Hy is alleen die offer.

Kan u sien hoe verskil dit van alle offerfeeste?

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

Wie is en wie bring die offer? In offerfeeste is dit mense wat offers vir God bring en dan word hulle offers offerkos: kos wat hulle en God saam eet om hul eenheid en krag met mekaar te vier.

Die nagmaal wys totaal iets anders. God self is die offer wat mense nie kan bring of wees nie. Net Hy! Hy is in die plek van mense wat die offer moes wees, die offer vir sonde. Wie? God self!

7. Dit sien ons duidelik in die tekens van die nagmaal.

Die belangrikste deel van die van die Paasmaaltyd was die Paaslam. Die Paaslam is die offerlam. Daarom het die Here self nie die Paaslam die teken van die nagmaal gemaak nie. Hy het baie spesifiek tekens wat nie deel van die offer van die Paasmaal is, tekens gemaak van ons gemeenskap met Hom as lewende mens in die hemel, nie as tekens van sy offer nie. Ons is nie en bring geen offer nie. Ons eet nie offervleis nie. Want net die Here is die offer en ons het glad nie deel aan die offer nie.

Wie offervleis eet maak van die offer 'n fees saam met God! As die wyn en brood wys ons eet sy geofferde liggaam en bloed, dan is die Here maar net op 'n ander manier weer offerkos! Ons eet en drink sy liggaam sodat ons een kan word met die krag en lewe van God!

Hoe kan Jesus se lyding en dood op Golgota 'n offerfees waar sy dissipels saam met Hom gesellige kuier? Hulle het van hierdie oomblik waar Hy die offer is, weggevlug sodat Hy binne die raadsplan van God sonder enige gelowige dissipel by Hom godverlate gesterf het.

Hoe sit jy gesellige in in die offeroomblik waar God die Vader sy geliefde Seun die offer vir sy haat, woede, toorn en grimmigheid op sondaars maak? Hoe maak jy van hierdie offeroomblik 'n lekker saamkuier met God? Dit is om saam te sit en eet en drink saam met die Here op Golgota terwyl Hy godverlate sterf! Hoe bemagtig jy jouself met die krag en lewe van God waar God self, sonder enige offer wat jy bring die offer in jou plek word?

Christus is nie ons offerkos nie en deur sy dood is ons ook nie God se offerkos nie.

Die brood en wyn wys dat die Here ons insluit in wie Hy nou as lewende mens is sodat ons nooit met God ooit 'n offerfees sal hou nie. Die regte offer vir God vir sonde is nie 'n gesellige eet en kuier geleentheid met God gewees nie en sal dit ook nooit wees nie. Dit is die oomblik van verwerping, rou en verlies van liefde waaraan ons terugdink met ontsag, die oomblik wat ons nooit ooit self sal ervaar nie, omdat dit ons deur Christus gespaar word.

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

8. Is die geestelike voedsel en drank waarvan Paulus dan praat in verse 2 en 3 dan nie tog maar weer op die ou einde offerkos nie. Dan moet ons dit so verstaan dat ons nie letterlik offerkos eet nie, maar geestelike offerkos eet!

Dit kan nie. In hierdie verse word gestel dat Christus die kos en drank is omdat Hy vir die volk Israel hulle wolk en hulle rots was.

Hy het hulle in sy goedheid beskerm, bewaar en beveilig om vir sy liefde behoue te bly. As God is hulle Wolk en Rots, nie om van hulle klein wolkies en klein rotsies te maak nie, maar om hulle mense te laat wees wat in sy liefde kan leef.

Dit is die werklike geestelike voedsel en drank wat die Here Jesus vir ons is. Hy deel nie met ons sy goddelike lewe en goddelike krag om dit saam met Hom te wees nie. Hy laat ons in sy liefde, goedheid, barmhartigheid en genade as God leef, sodat ons ten volle mens kan wees.

Dit is waarvan die brood en wyn tekens is. Wie ingesluit is in wie Christus vandag as mens in die hemel is, vir hom is Christus die Rots en die Wolk in sy lewe. Christus laat hom leef in die liefde, sorg en trou van God self. Hierdie lewe in God se liefde deur Christus wat in ons plek mens is, is totaal iets anders as die feestelikheid om een met God se krag en lewe te wees.

9. Kom ons kyk na 'n voorbeeld!

Eet, dans, lag en kuier met mekaar as 'n manier om liefde te vermy.

Dit gebeur baie met verhoudings. 'n Man sal van die lewe met sy nuwe meisie dit 'n lewe van saam uiteet, saam drink, saam dans, saamlag en kuier maak en juis dit gebruik om saam in die liefde te wees te ontduik.

Elke oomblik wat die regte oomblik is om haar hand te vat en vir haar te sê, ek is werklik lief vir jou, word weg geëet, weg gelag, weg gedans en weg gekuier. Daardie oomblik waarin al twee weet nou moet hy haar vat en die woorde sê wat gesê moet word: "trou met my ek is lief vir jou!", daardie oomblik vermy hy deur nog 'n bottel duur wyn te bestel. Saam eet, saam drink om die liefde te vermy.

Net so! Wanneer julle buite alleen sit en elkeen weet dit moet nou gebeur: vat haar hand, verklaar jou eenheid met haar om altyd in mekaar se liefde te leef, staan hy laggend op en sê: "Kom ons gaan dans en wees vrolik met mekaar!" Omdat hy nie met haar as man verenig wil word en in haar liefde wil leef nie. Want dan word dit 'n lewe van liefde, waarin hierdie saam dans en speel verdwyn. Mekaar saam geniet sonder om in liefde verenig te word, sonder om in die liefde te leef.

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

Want dink u het die Israeliete met daardie offerfees saam met hulle god gedoen?

Hulle wou nie in die liefde leef van die Here wat hulle Rots en Wolk was nie. Want die lewe in hierdie liefde waarin God jou insluit, is 'n lewe waarin jy verbind word tot die liefde volgens sy gebooie. Saam dans en saam speel met God om die vereniging in liefde te vermy!

Dit is hoekom die Korintiërs van die nagmaal 'n offerfees saam met God gemaak het. Kyk maar gerus na 1 Korintiërs 13: hulle wou God se krag en lewe hê, nie verbind wees tot die liefde van die wet van God omdat hulle met God in sy liefde verenig is nie.

10. Wat was die middelpunt van die geloofstryd van die Reformasie teen die Rooms Katolieke Kerk?

Die nagmaal!

Van 1517 toe Martin Luther sy 95 tellings op die kerk in Wittenberg se kennisgewingbord gesit het, tot en met die vredesverdrae van Münster tussen Nederland en Spanje, en Westphalia tussen Duitsland en al die Katolieke lande rondom hom, in 1648, het die meeste Europese oorloë gegaan oor die verskil tussen die Protestante en Katolieke wat in die nagmaal gefokus het.

Hoekom hier verset teen en oorloë teen Rooms Katolieke mag?

Want tot vandag toe nog is die nagmaal in die Rooms Katolieke Kerk, 'n offerfees met God. U mag dit nie probeer vermy deur u self oningelig te hou, of dit vir u self sommer net anders op te maak as wat werklik vandag nog besig is om in elke katedraal elke Sondag dag met meer as een biljoen Christene te gebeur nie.

Die RKK leer dat elke keer as die instellingswoorde van die nagmaal deur die priester uitgespreek word, word die wyn die Here se regte bloed en die brood die Here se regte vleis. Meer nog, wanneer die priester die nagmaalbeker omhoog lig word Jesus, wie se regte liggaam van vleis en bloed nou op die altaar voor die Roomse Priester lê, weer die offer wat vir God aangebied word, nou deur hierdie Roomse Priester en die gemeente. Jesus se liggaam en bloed word nou weer in ons teenwoordigheid die offer wat vir God geoffer word. Jesus se regte liggaam word as offer weer gebreek en weer uitgegiet. Daarom het hulle nie 'n Nagmaalstafel nie, maar 'n altaar, die altaar waar die offer van Jesus weer die offer word wat die priester saam met die gemeente vir God gee.

'n Offerfees saam met God! Met mooi versierde klere, klokke, wierook, mooi sang en musiek vir ons nou almal saam die offer wat vir die God weer geoffer word deur ons.

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

Hoe kry jy deel aan hierdie offer? Jy moet die Here se regte liggaam en se regte vleis regtig as offerkos en offerdrink eet en drink! Wat gebeur as jy hierdie offerkos eet? Dan kry jy deel aan die goddelike lewe en krag van Jesus!

Dit is hoerery met God self. Wat noem jy dit anders? Die profete het dit so genoem! Innig met die intimiteit van God se innerlike self op so manier dat ek God se krag en lewe die krag vir 'n lewe in my sondige begeertes maak. Goddelike krag om sondige begeertes mee te bevredig! Dit is mos niks anders as 'n orgie met God nie.

En hierdie hele offerfees het net soos met die fees van die goue kalf net een doel: om die oomblik waarin God my met die tekens van die nagmaal aanraak, ons hand vat, en in die woorde van die nagmaal sy vereniging in liefde met ons verklaar, die instellingswoorde, te vermy met 'n fees saam met God.

11. Wat is hierdie offerfees met Jesus anders as net weer 'n saam dans, saam speel, saam eet en drink met God om die werklike liefde van God te vermy. Want die werklike liefde van God klink so: die brood en wyn is nie kos nie, dit is net 'n teken. 'n Teken dat die Here jou insluit en laat deel in wie Hy as mens is om alles met Hom te deel wat Hy as mens was in jou plek. Daarom juis menslike bloed en menslike liggaam, ingesluit in wie die Here as mens is om sy menswees te deel, nooit sy goddelik lewe en krag nie.

Die nagmaal kan nie die offerfees wees waar ons die oomblik van godverlatenheid tussen die Vader en Seun feestelik aanskou en ons geselligheid van kan maak nie. Hoe staan jy gesellig by die kruis op Golgota met 'n gelag en gespeel terwyl die Seun in die woede, haat, oordeel en verwerping van jou sonde deur sy Vader geslaan word? Hierdie oomblik waar God die Vader die dissipels van verdryf het om nie die geleentheid met die Seun te deel nie: "Daar staan geskrywe: "Ek sal die Herder doodmaak en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word" Mat. 26: 31 Hoe maak jy dit 'n oomblik wat weer en weer, dag vir dag, moet afspeel as die groot oomblik, die groot geleentheid, die godservaring tussen jou en God?

Hoe kan jy dit doen?

Jy kan dit net doen, omdat jy nie die gebooie wil ontvang van hoe jy in die liefde leef van 'n offer wat een keer gebeur het en nooit weer sal gebeur nie, sodat Christus altyd in liefde, goedheid en genade jou Rots en Wolk sal wees nie.

Die nagmaal is die teken waarin die Here jou verseker van jou vereniging met Hom in wie Hy as mens is vir jou in jou plek is een was sodat jy daardeur altyd in liefde met God kan leef. Alle geestelikhede vermy hierdie oomblik met offerfeeste saam met God!

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

12. Het ons vandag nog Reformasie nodig?

Moet ons die nagmaal hervorm om nie 'n afgodsdienste te wees nie, maar die teken waarmee die Here ons verseker van ons vereniging met Hom in wie Hy as mens is en vir ons was, en hoe Hy ons Rots en Wolk is?

Wat gebeur en wat noem 'n mens die wyse waarop die nagmaal in die meeste kerke, ook die NG Kerk, vandag só gebruik word?

Die predikant verklaar dat die nagmaal is vanoggend 'n feesete saam met God. Ons is God se gaste wat saam met God vanoggend gaan eet en drink. Nie, die Here gaan ons met 'n teken van sy liefde verseker nie. 'n Offerfees saam met God!

Wat moet ek doen met hierdie saam-eet met God? Om nagmaal te gebruik moet jy eers jou hart, jou lewe, jou alles, jou besigheid, jou kinders, jou land en jou toekoms vir God gee, want Hy het sy lewe vir jou gegee. Wanneer jy hierdie offers aan God gee sal Hy as God in jou lewe inkom en jou laat deel in sy lewe, sy krag en sy droom. Intiem een met die krag van sy goddelikheid sal jy jou begeertes kan uitleef as die lewe met God. Kom na God se groot offerfees, sy nagmaal toe. Kom eet, kom drink, kom dans, lag en speel met God!

Dis hoerery, sê die profete!

Mense wat offers bring wat God sou wou hê sodat hulle hul self in die intimiteit van God se krag, lewe en Naam kan inleef, en as hul eie kan ervaar. Om hul sondige begeertes met God se krag te kan doen en as sy goddelike lewe te kan uitleef: God sal jou die begeertes van jou hart gee, as jy jou hart, lewe besigheid en kinders vir God gee!

Met al feestelikheid met God se krag en lewe vermy jy die oomblik van God se aanraking om jou van sy liefde te verseker.

Die NG Kerk hou jeugfeeste wat “#Imagine” genoem word en dan reël hulle net soos Aäron dat dit 'n fees vir God is. Die kinders is op hierdie kampe met die Heilige Gees gedoop. Wat het hier gebeur? Die dominees van die NG Kerk, AGS en al die Pinkstergeestelikes het saam 'n aand gereël waar die kinders in 'n donker saal met stroboskoop gekleurde en flitsende ligte, op die polsslag van kitarre en dromme rond gedans het, en op die hoogtepunt het die sanger uitgeroep dat hulle hul self aan God moet oorgee en toe word hulle met hierdie offer vir God met die krag van God gedoop!

Hoerery met God! Tempelprostitusie! Erotiese danse met en vir God!

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

Broers en susters, as tieners saam in verdonkerde sale, met flitsende en gekleurde ligte op die ritme van polsslag op en af spring en heen en weer ronddans, dan is dit 'n sensuele en erotiese dans. As ou mense dit doen is dit 'n dode dans. 'n Erotiese sensuele dans met God – oorgegee aan God as sy offer met die intimiteit van sy eie krag en lewe vervul – om die begeertes van my lewe te vervul.

Dan troos die dominees en sê daar was geen tienerseks in tente of bosse gewees nie – terwyl hulle met God self losbandige en wellustig te kere gegaan het.

Hoe kan hulle ooit weer in die nagmaal deur God aangeraak word en van liefde verseker word, as hulle sondige drifte vir hulle nou God se liefde geword het? Hulle feeste maak hierdie oomblik onmoontlik!

Kindernagmaal?

Broers en susters, het u al werklik gedink oor wat is die kindernagmaal? Hierdie brood en wyn is tekens van wie die Here as mens vandag in die hemel is. Hy is vandag mens van vleis en bloed in die hemele, en Hy was net een keer, vir altyd om dit nooit weer te wees nie, die offer vir sonde aan die kruis. Ons eet en drink hierdie teken, om deur God met hierdie teken verseker te word dat Hy ons verenig met Homself as mens in die hemel sodat ons ingesluit is in 'n offer wat Hy gebring het en nooit self sal deel hê aan 'n offeroomblik met God waar ons die offer moet wees nie.

“Nee”, sê die dominees, “dit is heeltemal te moeilik en ingewikkeld om so nagmaal te hou.” Die kinders verstaan glad nie hierdie ingewikkelde saak nie. Die nagmaal moet vir ons en ons kinders 'n fees wees. Al wat hulle moet doen is om hulle hartjies vir liewe Jesus te gee, hulle lewe vir liewe Jesus te gee, en wanneer hulle hulle self so aan die Here oorgegee het, sal God ook in hulle kom, hulle met sy krag en lewe vervul sodat hulle kinderbegeertes ook met God se krag vervul kan word en met God se lewe uitgeleef kan word.

Hierdie innigheid met God se krag en lewe verstaan kindertjies!

Wil u u kinders vir God voer? Offerkos! Kinderoffers vir God! Wil u u kinders offerkos vir God maak sodat jou kinders ook hulle klein kinder sondige begeertes in die krag van God kan vervul? Saam met ons kinders 'n fees vir die Here! Kinders as offerkos vir God!

Hierdie is geen ete met God nie. Dit is 'n teken van God. Met hierdie teken verseker God ons van sy Woord: “Ek het jou met wie ek as mens is en was ingesluit sodat daar tussen jou en God nooit 'n offeroomblik sal wees nie. Toe hierdie offeroomblik met My gebeur het, wou Ek nie een dissipel, ook nie vir jou daar gehad het nie. Dit was te vreesagtig, skrikwekkend en seer gewees. Hierdie binne-oomblik tussen my

Christus verenig ons met Hom as mens in die hemel om in sy liefde as God te deel. Ons hou nie met God offerfeeste nie

as Seun en God die Vader! Toe die toorn van die Vader op my uitgestort is, in al die vernietiging daarvan, wou Ek jou nie daar hê nie. Toe die woede van die Vader vir jou sonde elke deel van my menswees, elke liggaamsel en elke deel van my siel My uitmekaar geskeur het sodat Ek in godverlatenheid gesterf het as offer vir jou sonde, wou Ek jou nie daar gehad het nie. Jy kan nou verootmoedig daaraan dink, maar jy mag dit nie vir jouself 'n offeroomblik, 'n offergeleentheid tussen jou en God maak nie. Jy kan en mag nie hierdie oomblik van Godverlatenheid tussen My en My Vader vir jou 'n mooi feestelike oomblik maak nie. Ek soek nie jou hart, jou lewe of enige ander offer nie. Ek sal nooit jou my krag en lewe gee om jou sondige begeertes te bevredig nie.”

Laat die Here ons tasbaar aanraak met die teken van hierdie nagmaal sodat ons verseker kan wees dat Hy ons insluit in wie Hy is en wat met Hom gebeur het om ons van daardie oomblik te vrywaar – die offeroomblik tussen die Vader en die Seun.

Kom ons aanvaar die liefde waarin Hy ons insluit en met sy aanraking van verseker en maak dan sy gebooie vir ons die lewe in sy liefde. Kom ons aanvaar die aanraking van die Here sodat ons met die sekerheid kan leef in hierdie lewenstog is Hy ons Wolk en ons Rots.

Nuwe offerfeeste klink so!